HOOFSTUK 16

Personeelondersteuning

Let wel: Hierdie hoofstuk moet saamgelees word met die program vir Voortgesette Bedieningsvreugde met die A-Z Beleid soos aanvaar deur die Algemene Sinode 2007. ‘n Handeliding is op CD-rom beskikbaar vanaf Bybelmedia.

Dit is die werkgewer se plig om om te sien na die personeellede se behoeftes, aangesien die personeel ’n kosbare bate is. Daar behoort in ag geneem te word dat elke personeellid ’n individu is wat van tyd tot tyd sekere behoeftes het waarin die werkgewer tegemoetkomend en ondersteunend kan optree.

In opdrag van die Algemene Sinode word daar tans in elke sinodale gebied ’n begeleidingsproses ontwikkel met ondersteuningsprosesse, riglyne en hulpmiddels vir personeelondersteuning.

1. PREDIKANTBEGELEIDING

Hoe help 'n kerkraad en kerkverband?
Die persoons- en roepings-/bedieningsbegeleiding van predikante is 'n besondere mede-verantwoordelikheid van die kerkraad of ander toepaslike kommissie in wie se diens die betrokke leraar is. Dit gaan hier ten diepste oor die totale welsyn (welstand) van die predikant as mens in belang van sy/haar optimale roepingsvervulling. Die kerk sien die formele verantwoordelikheid as 'n proses op verskillende vlakke.

1.1 BEGELEIDINGSPROSES?

Naas die predikant se eie persoonlike verantwoordelikheid ten opsigte van eie totale welsyn funksioneer die begeleidingsproses van predikante in drie vlakke:

1.1.1 Versorging

(Veral gemeentelik deur die Versorgingskommisie - wat nie ook die diensverhoudingkommissie moet wees nie.)

Hier word gevra: **Hoe kan die leraar gemeentelik so versorg word dat hy/sy met gemoedsrus kan werk?**

Die totale welstand/gesondheid van die leraar as mens en sy gesin en huwelik binne gemeenteverband is ter sprake.

1.1.2 Begeleiding

Hier raak meer as die gemeente self betrokke en speel die kerkverband 'n groter rol.
Hier is die vraag: **Watter tipe ondersteuning/begeleiding kan deur die**

kerkverband aan die leraar gebied word in belang van 'n gelukkige bediening? Hier is VBO (voortgesette bedieningsopleiding/kursusse), geestelike begeleiding, die mentorsprogram: "Vennote in bedieningsvreugde", die beskikbaarheid van sinodale begeleiers (pastor pastorii), visitasie, standplaasverwisseling, fasilitering en beskikbare evalueringsinstrumente die vernaamste hulpmiddels.

Op gemeentelike vlak behoort hierdie beskikbare bronne vir predikantbegeleiding voluit benut te word - en die predikant aangemoedig en in staat gestel word om dit te benut.

1.1.3 Terapie/Intervensie

Hier is gespesialiseerde kundigheid (persone/prosesse) wat deur vasloopsituasies genoodsaak word nodig.

Die vraag hier: **Wat is die mees toepaslike terapeutiese begeleiding wat aan die leraar (en die sisteem) gebied kan word om deur 'n spesifieke vasloopsituasie (krisis) te kan kom?** (Hieronder is veral twee tipes, naamlik **persoons- en sisteemsintervensies** wat nodig kan raak.)

2. VOORGESTELDE KOMMISSIES: DIENSVERHOUDINGE EN VERSORGINGSKOMMISSIE

Op gemeentelike vlak word hierdie verantwoordelikhede ten opsigte van die predikant normaalweg hanteer deur die kerkraadskommissies vir diensverhoudinge en die versorgingskommissie.

In die praktyk is die terrein van diensverhoudinge, met die formele diensooreenkoms as basis en die persoonsversorging twee terreine wat afsonderlik hanteer behoort te word.

Dit kan moontlik gedoen word deur 'n afsonderlike kommissie vir diensverhoudinge en een vir predikanteversorging te hê:

- Die **diensverhoudingskommissie** konsentreer dan op die bestuur van die formele werksverhouding tussen gemeente en predikant (binne die raamwerk van die kerkorde en diensooreenkoms). (KO2004 12b1.1): ***"Elke kerkvergadering het 'n kommissie vir diensverhoudinge wat die diensverhoudinge tussen hom en sy werknemers bestuur."***
- Die **versorgingskomissie** konsentreer op die persoon wat die werk doen binne sy **verhoudings** (met homself, binne die huwelik, gesin, kerkraad, gemeente, kerkverband, ens).

2.1 DIE VERSORGINGSKOMMISSIE - 'N VOORBEELD VAN HOE SO 'N KOMMISSIE KAN FUNKSIONEER

Agenda Algemene Sinode, Oktober 2002:275 (Bylae A 13.5)(Voorbeeld van hoe dit kan wees)

2.1.1 Samestelling

Die kommissie bestaan uit persone wat in die kerkraad of gemeente bekend is vir hulle pastorale gesindheid. Die kerkraad en leraars vorm 'n poel name wat meer is as die aantal diensdoende leraars. Uit hierdie poel name kies die leraars dan 'n aantal lede met wie hulle gemaklik voel. Een lid per leraar. Hierdie lede vorm dan die versorgingskommissie.

Die rede waarom die versorgingskommissie en kommissie vir diensverhoudinge nie saamval nie, is dat as diensverhoudinge die predikant aanspreek oor iets, dit reeds regtegnies sou kon geld as 'n eerste vermaning wat in 'n saak verswarend teen die predikant gebruik kan word.

2.1.2 Doelstellings van Kommissie

Die versorgingskommissie het ten doel om -

- die predikant en sy gesin se probleme, besware en frustrasies voortspruitend uit sy bediening aan te hoor en, met sy samewerking, tot bevrediging van die betrokke partye aan te spreek;
- die predikant aan te moedig om te eniger tyd openlik oor enige negatiewe faset van sy bediening te gesels;
- gereeld te vergader met die oog op bespreking van enige aspek wat aldus onder die aandag van die versorgingskommissie gebring word; en
- die verhouding tussen predikant en gemeente, predikant en kerkraad, predikant en kollegas, voortdurend te monitor.

2.1.3 Werkswyse van Kommissie

- Die kommissie ontmoet op 'n gereelde basis die leraar (en ook die eggenote en gesin) - ten minste kwartaalliks.
- Die versorgingskommissie kan ook aanbevelings maak oor die wysiging of aanpassing van die predikant se kontraktuele funksies, bevoegdhede, regte en verpligtinge. Die kommissie se pligte kan uiteraard uitgebrei word.
- Die versorgingskommissie is nie 'n inspeksie-kommissie wat alles wat bespreek word aan die kerkraad of gepaste struktuur voorlê nie. Al die sake is vertroulik van aard, anders verloor die groep sy funksie van omgee en vertroulikheid. Slegs die sake wat aangespreek moet word, word deurgegee.
- Voorbeeld van werkwyse: "In ons gemeente het hierdie versorgingskommissie ons elkeen individueel ingeroep en gesels oor goed soos ons drome, ons vryetydsbesteding, ons roeping, ons frustrasies. Al drie lede van die kommissie was teenwoordig in die gesprek met elke individuele predikant. Daarna het die lede elk 'n predikant gekry om by besoek te gaan aflê en verder te gesels en om te gee."
- Verdere kommentaar op werkwyse: "Dis uiteraard 'n proses wat ons nie so vas wil reglementeer dat dit die kreatiewe vryheid van die lede beperk nie. Ons probeer juis om dit so min kunsmatig as moontlik te doen."

3. 'N KONTROLE AGENDA VIR PREDIKANTEVERSORGING SAKE

3.1 VOOR BEROEPING

Die ontwerp van die mees verantwoordelike en toepaslike proses om die beste plasing moontlik tussen leraar en die spesifieke gemeente te kry (byvoorbeeld proses van geloofsonderskeiding, gemeente- en bedieningsanalise, posomskrywing, profiel, ens).

3.2 TYDENS DIE ONDERSTEUNINGSPROSES VOOR DIE VASSTELLING VAN DIE DIENSOOREENKOMS

- Alle sake rondom die optimale fisiese versorging binne omstandighede van gemeente en leraar en gesin.
- Betrokkenheid van leraar by die mentorsprogram, VBO

- Werksure, ens.

3.3 NUWE OMSTANDIGHEDE WAT NA VORE KOM IN NUWE LEWENS- EN BEDIENINGSFASES EN WAT SPESIFIEKE ONDERSTEUNING KAN VERG (SELFS HERONDERHANDELING VAN DIENSOOREENKOMS)

Byvoorbeeld baba op pad, kinders wat begin studeer, chroniese siekte, aftrede wat nader kom, gemeenteprofiel wat demografies verander, ens.

3.4 DEURLOPENDE SAKE

- Die leraar, eggenoot en gesin se ervaring van geluk binne die werkskring van die gemeente (Wat dra en bevorder dit, wat beperk of verhinder dit?).
- Die huweliks- en gesinsgeluk.
- Die leraar, eggenoot en gesin se ervaring van sy/haar roeping van die Here om steeds binne en vanuit die gemeente te bedien.
- Die leraar, eggenoot en gesin se ervaring van daadwerklike ondersteuning in en deur die gemeente: emosionele, geestelike, finansiële/materiële ondersteuning.
- Die ervaring en uitbouing van spanwerk binne die gemeente.
- Voortgesette teologiese opleiding soos wat die leraar se gawes en die gemeente se bedieningsituasie dit vereis.
- Klein behoeftes wat groot verskil kan maak (byvoorbeeld studeerkamer inrigting).

4. BESKIKBARE ONDERSTEUNING

Die gemeente moet ook voluit gebruik maak van bestaande ondersteuningsbronne vir predikanteversorging - veral gebedsondersteuning, die ring, Mentorsprogram, pastor pastorum, VBO kursusse, sinodale fasiliteringspanne, retraites, ens.